

**10 November**

**Matteus 25:31-46; (Teks: 25:40)**

***Diens aan ander is ook diens aan Jesus***

Jesus beskou die liefdesdiens wat ons aan ander mense betoon asof ons dit aan Hom doen.

In hierdie gedeelte is die toehoorders verbaas dat hulle erkenning by Jesus kry vir werk wat hulle nie gedoen het nie. Hy bedank hulle vir kos en drinkgoed, huisvesting, klere en besoeke wat hulle vir Hom gegee het. Hulle verstaan egter nie wat Hy bedoel nie, want hulle weet hulle het dit nog nooit vir Hom gegee nie. Jesus deel die antwoord met hulle - wie dit alles aan ander doen, doen dit vir Hom.

Dit het implikasies vir jou optrede teenoor mense wat jy vandag gaan teëkom. Indien hulle jou liefdesdiens nodig het, mag jy hulle nie die rug keer nie. Gryp die geleentheid aan en bedien hulle met wat jy kan in liefde, asof jy dit vir Jesus doen. Daar is 'n magdom mense wat ons liefde en liefdesdiens nodig het; mense sonder kos en klere, vreemdelinge, siekes en gevangenes wat besoek kan word. Staan die mense by asof dit Jesus is vir wie jy bystaan.

Ons kan die taak maklik verwaarloos en agterweë laat omdat ons lewe te gejaagd is, of dalk omdat ons bang is vir mense wat ons mislei en misdadigers is. Dit mag ons egter nie afskrik nie. Dit het Jesus ook nie afgeskrik toe Hy die pad deur die howe na Golgota gestap het om ons van ons sondeskuld te verlos nie. Daar was vir Hom geen rede om sy liefdesdiens aan ons te staak of die rug op ons te keer nie. Volg Hom vandag hierin na en dien mense wat jy teëkom met liefde, asof jy dit vir Jesus doen.

Sing: Psalm 118:13, 14

Ds. R.L. van Niekerk (Vaalpark)